

HOOFSTUK 6

LEWENSKRISISSE IN DIE GESIN WAT VERBAND HOU MET DIE DOOD

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is egskedding as 'n lewenskrisis, asook kinders se reaksie op egskedding bestudeer. Vier boeke is geëvalueer aan die hand van kriteria vir die selektering van leesstof soos geformuleer in afdeling 4.3.

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die dood as lewenskrisis asook kinders se reaksie op die dood. Daar sal ook aandag geskenk word aan verskillende stadia wat onderskei kan word tydens die rouproses. Die wyse waarop hulp aan kinders verleen kan word, sal aangedui word met spesiale verwysing na biblioterapie. Spesifieke riglyne vir die keuring van boeke in geval van dood sal onderskei word. Ten slotte sal vier boeke wat oor die dood handel geëvalueer word aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos aangedui in afdeling 4.3.

6.2 DOOD AS LEWENSKRISIS

Dood is een van die voorspelbare lewenskrisisse in mense se lewens. Die verwerking van dood is, veral in die Westerse kultuur, 'n spanningsvolle proses wat 'n hoë tol eis (Moore & Mae 1987:54).

Dit kan deels daaraan toegeskryf word dat dood, anders as in die tydperk voor industrialisasie, nie meer deel is van die daaglikse lewe nie. Voor industrialisasie was die sterftesyfer baie hoog en boonop het mense tuis gesterf of is daar tuis voorbereidings getref vir die begrafnis. Dood was dus deel van kinders se lewens. Daar is ook weggedoen met baie van die rituele rondom die dood wat vroeër deel was van die Westerse kultuur. Vroeër is daar byvoorbeeld vir 12 maande swart en vir 'n verdere 12 maande pers gedra na die dood van 'n geliefde (Pardeck & Pardeck 1984b:106-107). Vandag funksioneer families boonop nie meer as eenhede nie. Kinders beleef

dus nie direk die dood van ouer familieledede nie en maak eers met die dood kennis wanneer 'n nabye familielid, intieme vriend of troeteldier sterf (Cuddigan & Hanson 1988:19).

Alhoewel dood nie meer 'n verbode onderwerp in gesprekvoering in ons samelewing is nie, word daar selde daarvoor gepraat, omdat die bespreking daarvan as morbied beskou word (Cuddigan & Hanson 1988:19; Payne 1986:376).

Baie kinders se eerste kennismaking met die dood is ongelukkig televisieprente, boeke en strokiesprente. Veral televisie gee dikwels 'n verwarrende beeld van die dood en ignoreer die emosionele aspek daarvan (Ivor-Pullin 1988:53–54).

Die hantering van dood – hetsy van 'n familielid, troeteldier of vriend – word dus vir kinders 'n baie traumatiese ondervinding. Hulle kom dikwels ook vir die eerste maal met die dood in aanraking as dit die dood van 'n geliefde is. Ouers se beskermende optrede bemoeilik die rouproses verder. Hulle sluit die kinders uit omdat hul glo dat dit vir die kinders nadelig sal wees. Sodanige optrede is egter meer skadelik as goed (Cuddigan & Hanson 1988:19; Payne 1986:376).

Dit is vir die ontwikkeling van kinders baie belangrik dat hulle moet leer hoe om die dood te hanteer en te rou.

6.3 REAKSIE OP DOOD

Kinders se begrip van skeiding – tydelik en permanent – ontwikkel geleidelik. Dit kom min of meer ooreen met die ontwikkeling van hul tydsbegrip. Hul begrip en reaksie op die dood is dus in ooreenstemming met hul chronologiese ouderdom en die stadium van ontwikkeling waarin hulle hul bevind (Bernstein & Rudman 1989:4; Westmoreland 1996:157). Kinders se begrip en reaksie op die dood word ook beïnvloed deur hul sosiale milieu en hul vorige ondervinding met die dood (Payne 1986:376).

Pardeck en Pardeck (1984b:107-108) wys ook daarop dat alhoewel kinders se reaksie op die dood in ooreenstemming is met hul chronologiese ouderdom en hul ontwikkelingstadium, hulle 'n homogene groep is en dat groot verskille kan voorkom. Hulle waarsku ook dat mense se kennis oor hoe kinders die dood verstaan en hanteer beperk is.

6.3.1 Reaksie op dood by kinders jonger as vyf jaar

Kinders jonger as vyf jaar beskou die dood as omomkeerbaar. Dit kan daaraan toegeskryf word dat hul begrip van tyd en permanensie nog nie ontwikkel is nie. Die dood is dikwels vir hulle nie finaal nie, maar net 'n tydelike gebeurtenis soos om te gaan slaap. Dit kan dus veroorsaak dat kinders baie bang word om te gaan slaap (Westmoreland 1996:157).

Kinders jonger as vyf jaar is nog baie egosentries en glo dat almal soos hulle is. Hulle glo dus dikwels dat dood soos lewe is, maar dit vind net binne-in die graf plaas. Dit skep baie probleme, want hulle glo dikwels dat die persoon kan terugkom as hy of sy wil en as dit nie gebeur nie, is die kinders nie alleen hartseer nie, maar voel hul ook verlate (Bernstein & Rudman 1989:5; Pardeck & Pardeck 1984b:108). Die egosentrisme van kinders bring ook mee dat hulle hulself vir die dood van ander blameer. Hulle dink byvoorbeeld dat hulle oor die mag beskik en dat iemand nou dood is omdat hulle gewens het dat die persoon moet weggaan (Briggs 1998:46).

Kinders in die ouderdomsgroep wat nog nie suksesvol met skeiding – hetsy tydelik of permanent – in aanraking gekom het nie, kan baie sukkel om die dood te aanvaar. Dit is dus baie belangrik om van kleins af vir kinders deur spel met skeiding in aanraking te bring. Hulle kan byvoorbeeld iets wegspoel of selfs die heel eenvoudige speletjie: *Waar's hy – daar's hy!* speel (Bernstein & Rudman 1989:4).

Brodkin (1991:18) wys daarop dat kinders in die ouderdomsgroep onder vyf jaar nie in staat is om aanhoudend te treur nie, daarom kan genesing langer duur.

6.3.2 Reaksie op die dood by kinders van ± ses jaar tot ± agt jaar

Kinders in die groep ses tot agt jaar beskou die dood aanvanklik as 'n tydelike skeiding, want skoolgaan het hulle onder die indruk gebring dat 'n persoon tydelik weggaan, maar weer terugkom. Volwassenes kan hiertoe bydra deur te sê dat die persoon hemel toe is. Geleidelik begin hulle egter beseft dat die dood nie omkeerbaar is nie – dit is 'n finale proses (Briggs 1998:46; Brodkin 1991:18).

Kinders in hierdie groep beskou nie die dood as iets persoonliks nie, maar as iets wat met iemand anders gebeur. Hulle is ook geneig om die dood te persoonlik te maak. Hulle beskou die dood as 'n engel of 'n ou man wat hul kan uitoorlê of op 'n afstand hou. Hulle kan dus as te ware ontsnap van die dood. Kinders hou ook daarvan om voorbereid te wees op die dood (Bernstein & Rudman 1989:5; Cohn 1987:77).

Ses- tot agt-jariges is ook baie geïnteresseerd oor dit wat na die tyd met die liggaam gebeur. Hulle assosieer die dood met die disintegrasie van die liggaam (Westmoreland 1996:158).

Kinders van skoolgaande ouderdom bekommer hulle baie oor praktiese probleme, soos wie vir hulle gaan sorg (Brodkin 1991:18).

Volgens Westmoreland (1996:158) word kinders in hierdie groep se persepsie van die dood baie beïnvloed deur die televisie en dit wat hulle volwassenes hoor sê.

6.3.3 Reaksie op dood by kinders van ± nege tot ± elf jaar

Kinders in die ouderdomsgroep beseft dat die dood 'n finale onomkeerbare deel van die lewe is. Hulle beseft ook dat die dood universeel is – dit kan met enige iemand gebeur, insluitend hulself (Bernstein & Rudman 1989:6; Westmoreland 1996:158).

Hulle denke oor die dood verander nou omdat hul denke verander van konkrete denke na formeel-operasionele denke. Hulle wil 'n verklaring hê vir die dood. Hul verstaan dat die dood baie oorsake het. Hulle wil ook weet wat gebeur as iemand sterf of wat na die dood gebeur (Pardeck & Pardeck 1984b:108; Payne 1986:376).

Alhoewel hul begrip van die dood ooreenstem met dié van volwassenes, is hul emosionele reaksie steeds dié van kinders. Hulle vrees die dood en is meer besorg oor die dood van hul ouers as oor hulself. Hulle kan totaal onverskillig voorkom of selfs grappies oor die dood maak om hul gevoelens weg te steek (Bernstein & Rudman 1989:6; Westmoreland 1996:158).

6.4 STADIA IN DIE ROUPROSES

Die treurproses van kinders is nie aanhoudend nie. Kinders voel gewoonlik intense hartseer vir 'n kort tydjie wat gewoonlik verdring word deur vrolike bedrywighede. Hul gaan gewoonlik met hul gewone bedrywighede aan omdat die hartseer te groot en oorweldigend is om aanhoudend te ervaar. Die treurproses van kinders kan van 'n paar maande tot 'n paar jaar duur (Bernstein & Rudman 1989:113; Brodtkin & Coleman 1995:28).

Kinders se reaksie op die dood verskil geweldig. Sommige pas oënskynlik gou aan terwyl ander 'n vertraagde reaksie het wat 'n paar jaar na die gebeure vorendag kom. Alhoewel hulle die verlies in verskillende stadia ervaar, is die volgorde dan ook nie vir almal dieselfde nie. Die stadia is uiters vloeibaar en kinders beweeg heen-en-weer tussen die stadia. Hulle moet

hanteer word volgens die stadium waarin hulle hul bevind (Webster & Lindley 1989:16; Westmoreland 1996:158).

6.4.1 Eerste stadium: skok

Die eerste reaksie wat ervaar word, is skok – kinders kan nou verward voorkom. Hulle toon gewoonlik hul skok deur hulle in stilte te onttrek, in wilde huilbuie uit te bars of te gil (Bernstein & Rudman 1989:7; Webster & Lindley 1989:16).

6.4.2 Tweede stadium: ontkenning

Ontkenning is baie algemeen. Dit vind gewoonlik binne die eerste twee weke na 'n geliefde se dood plaas. Dit kan minute, dae of maande duur. Dit kan lyk asof die kinders verstaan wat gebeur het, of hulle gaan aan asof niks gebeur het nie en toon geen hartseer nie. Onderliggend aan ontkenning is wensdenkery. Die kinders verskaf 'n oplossing – persoon is met vakansie of hulle ontsnap na 'n fantasietoneel waar hulle in beheer van die gebeure is. Ontkenning verdwyn soos aanvaarding toeneem. Wanneer kinders herhaaldelik ervaar dat die verlies onomkeerbaar is, sal hul oortuig word van die finaliteit daarvan (Bernstein & Rudman 1989:7-8; Brodtkin & Coleman 1995:28).

6.4.3 Derde stadium: woede, skuldgevoel, depressie

Sodra kinders tot die besef kom dat die verlore persoon nie gevind kan word nie, word hulle dikwels gebombardeer met gevoelens van woede, skuld, depressie, verlange en angs.

Kinders kan woedend wees vir die persoon wat gesterf het, vir God wat toegelaat het dat die persoon sterf, mediese diens wat nie die dood kan voorkom nie, en vir ander (byvoorbeeld in 'n verkeersongeluk) wat die dood veroorsaak het. Hulle sal veral by die skool aggressiewe gedrag openbaar –

word nou ontsteld oor kleinighede wat hulle normaalweg nie sou gehinder het nie.

Woede kan selfgerig wees in die vorm van skuldgevoel. Hulle kan skuldig voel oor gemeenheid teenoor die persoon en ware of verbeelde verwaarlosing van die persoon. Kinders besef nie altyd dat gemene gedagtes nie bydra tot die fisiese dood van ander nie. Dikwels voel hulle ook dat hulle die persoon meer liefde moes gegee het. Omdat kinders nie vir lang tydperke intense emosie kan ervaar nie, voel hulle dikwels skuldig oor hul gevoelens. Hulle voel ook dat hul gevoelens nie gepas is nie. Skuldgevoelens kan daartoe lei dat hulle nie deelneem aan die rouproses nie en hulle kan hulself onttrek.

Baie kinders ervaar intense verlange na die oorledene. Hulle kan klou aan voorwerpe wat aan die persoon behoort het of wat hulle van die persoon ontvang het.

Wanneer kinders gekonfronteer word met die finaliteit van die dood en begin om die pyn van verlies te aanvaar, kan hulle depressief word. Hulle voel dikwels desperaat omdat hulle nie kan insien hoe hul lewens kan aangaan of ooit weer dieselfde kan wees nie.

Hierdie wete dat onherroeplike veranderings plaasgevind het, kan lei tot groot angstigheid by kinders. Hulle kan nog so 'n groot verlies vrees. Sommige kinders wil nie skool toe gaan nie, want hulle is bang dat iets byvoorbeeld met die oorblywende ouer sal gebeur. Kinders word ook baie angstig oor wie hulle gaan versorg. Dit kan lei tot verskeie uitdrukkings van angs soos slaap- en eetstoornisse, naelbytery, bednatmaak, sukkel om opdragte uit te voer en naelbytery (Bernstein & Rudman 1989:8-10; Brodtkin 1991:18; Webster & Lindley 1989:16; Westmoreland 1996: 158).

6.4.4 Vierde stadium: behoefte om verlies te bemeester, aanvaarding

In die laaste stadium van rou konfronteer kinders hul verlies om dit te kan bemeester. Hulle bemeester dit dikwels deur dit deel te maak van hul spel.

Kinders pas nou aan by die veranderende wêreld en die nuwe toestande. Hulle is nou in staat om met hul lewens voort te gaan sonder die afgestorwene. Kinders belê nou in nuwe verhoudings en is oor die algemeen meer positief (Bernstein & Rudman 1989:10; Webster & Lindley 1989:16; Westmoreland 1996:158).

6.5 HULP AAN KINDERS MET DIE ROUPROSES

Dit is baie belangrik dat kinders toegelaat moet word om te rou. Dit is slegs deur hul verlies te verwerk en te aanvaar dat kinders kan oorleef en uiteindelik weer in staat sal wees om voluit te lewe. Tydens hierdie rouproses is dit baie belangrik dat kinders hulp moet kry, want soos hierbo verduidelik is, kom baie min kinders direk met die dood in aanraking in die Westerse samelewing. Hulle eerste kennismaking met die dood is gewoonlik die dood van 'n geliefde. Kinders is dan nie hierop voorbereid nie en moet hulp kry om die onbekende, intense emosies te verwerk.

6.5.1 Chronologiese ouderdom en ontwikkelingstadium van kinders

Wanneer hulp verleen word, is dit belangrik dat daar rekening gehou word met die chronologiese ouderdom, ontwikkelingstadium, stadium van rouproses en gevoelens van die kinders. Sodoende sal kinders dit wat hul ervaar verstaan en besef dat hul gevoelens normaal is. Dit is beter om verduidelikings kort en eenvoudig te hou en terme te gebruik wat die kinders kan verstaan. Daar moet daarteen gewaak word om kinders nie te oorweldig met detail nie. Feite moet verskaf word en dan kan kinders toegelaat word om vrae te vra (Bernstein & Rudman 1989:13-14; Essa *et al.* 1995:32; Webster & Lindley 1989:16).

6.5.2 Stadium van rouproses

Aangesien kinders as te ware in en uit die stadia van die rouproses beweeg, is dit belangrik dat hulle hulp moet ontvang in ooreenstemming met die stadium waarin hulle hul bevind. Kinders se aandag moet byvoorbeeld nie afgetrek word as hulle in die ontkenningstadium is nie, aangesien die gevoelens van kinders sodoende verontagsaam word. Tydens hierdie stadium moet veral gewaak word teen leuens oor waarheen die persoon is, want dit kan op die lange duur baie nadelig wees. Gedurende die stadium waar die kinders intense emosies (woede, angs, skuldgevoel) beleef, moet die kinders verseker word dat die gevoelens normaal is, maar dat emosies nie handuit moet ruk nie (Webster & Lindley 1989:16).

6.5.3 Erkennung en ervaring van gevoelens

Volwassenes probeer dikwels om kinders te beskerm teen die harde werklikheid van die dood. Dit is egter baie belangrik dat kinders die intense emosies moet erken en toegelaat word om dit te ervaar. Hul moet toegelaat word om te treur en te huil. Hierdie gevoelens moet as normaal beskou word en moet nie deur die volwassenes weggepraat word nie (Albert 1988:16; Cuddigan & Hanson 1988:19).

Bernstein en Rudman (1989:15) wys daarop dat terwyl kinders deel is van die rouproses hulle 'n belangrike les leer, naamlik dat die mens (selfs in 'n groep) alleen is. Elkeen moet self leer om smart te verwerk. Volwassenes moet kinders bystaan, maar steeds toelaat om 'n sinvolle manier te vind om hulle hartseer te verwerk.

6.5.4 Gesprekvoering

Dit is baie belangrik dat kinders die geleentheid moet kry om te praat. Die persoon wat hulp aanbied, moet 'n atmosfeer skep waarin dit geskik is om oor sò 'n sensitiewe onderwerp te praat. Een van die belangrikste wyses van bystand is dat hulle iemand sal hê wat werklik gaan luister. Diegene wat treur

het immers 'n dringende behoefte om te praat oor die sterk emosies wat hul ervaar (Albert 1988:16; Essa *et al.* 1995:132).

6.5.5 Genoegsame tyd

Alhoewel kinders nie aanhoudend treur nie, het hulle tyd nodig. Die persoon wat hulp aanbied, moet in gedagte hou dat gesprekke met kinders baie tyd in beslag sal neem en dat dit dikwels nodig mag wees om dinge oor en oor te sê (Cohn 1987:77).

6.5.6 Eerlikheid

Hulp aan kinders is die waardevolste as dit openlik en eerlik is. 'n Eerlike bespreking van die gebeure kan verhoed dat die kind denkbeelde oproep wat baie meer vreesaanjaend is as die werklikheid. Dit is veel erger vir kinders as 'n vriend of geliefde net verdwyn as om te weet wat gebeur het (Cuddigan & Hanson 1988:19; Essa *et al.* 1995:132; Bernstein & Rudman 1989:13).

6.5.7 Feitelike inligting

Dit is belangrik dat feite aan die kind verskaf moet word. Daar moet aan die kind verduidelik word dat die dood 'n biologiese proses is: die liggaam hou op om te werk en kan nie meer voel, kommunikeer of dink nie. Sonder hierdie inligting kan veral jonger kinders hulle byvoorbeeld daarvoor bekommer dat die persoon in die graf koud kry. Dit help hulle ook om te beseft dat die dood finaal en onomkeerbaar is (Cohn 1987:77).

Dit is belangrik dat die terapeut aan die kind sal verduidelik waarom die persoon dood is. Dit is ook belangrik dat kinders sal beseft dat die dood verskeie oorsake het. Kinders kan intense skuldgevoelens ervaar en moet verstaan dat die dood verskeie oorsake het waarin hulle geen rol speel nie. Dit moet ook duidelik aan hul gestel word dat die dood onafwendbaar is en dat almal dood gaan. Dood is deel van die lewensiklus en nie 'n straf wat uitgedeel word nie. Dit is belangrik dat kinders dit moet begryp, want hulle is

dikwels geneig om hulself te blameer (Brodkin & Coleman 1995:27; Westmoreland 1996:159).

Die verskillende stadia van die rouproses moet ook aan die kinders verduidelik word. Die verwerking van die intense emosies wat hul beleef sal makliker geskied as hulle voorbereid is op dit wat op hulle wag.

6.5.8 Rituele rondom die dood

Alhoewel die moderne Westerse samelewing weggedoen het met baie van die rituele rondom die dood, bestaan daar nog rituele wat baie vertroostend kan wees. Een van die rituele is die begrafnis. Dit is egter baie belangrik dat 'n volwassene aan kinders, volgens hul begripsvermoë, moet verduidelik wat die rituele rondom 'n begrafnis is. Die bywoon van die begrafnis kan kinders help om die werklikheid van die dood te aanvaar omdat hulle tydens die begrafnis daarmee gekonfronteer word. Dit vind ook vroeg in die rouproses plaas en help kinders om te besef dat hulle nie alleen hartseer ervaar nie, en dat 'n mens uitdrukking mag gee aan jou gevoelens. Indien kinders nie toegelaat word om die begrafnis by te woon nie kan hulle geïsoleerd voel. Kinders moet egter onder geen omstandighede gedwing word om 'n begrafnis by te woon nie. Daar behoort ook altyd 'n volwassene op wie die kinders vertrou te wees om 'n wakende oog oor hulle te hou (Bernstein & Rudman 1989:15; Brodkin 1991:18-19).

6.5.9 Inligting oor die toekoms

Kinders word gewoonlik tydens die rouproses baie angstig oor hul eie toekoms. Dit is by die dood van 'n ouer baie belangrik dat die oorblywende ouer ondersteunend sal wees en die kinders sal verseker dat hul versorg sal wees en steeds 'n belangrike lid van die gesin of familie is. Die kinders moet ook ingelig word oor hoe hul roetine en leefstyl geraak sal word (Bernstein & Rudman 1989:14; Brodkin 1991:19).

6.5.10 Besikbaarheid van die volwassene

Dit is belangrik dat die volwassene wat die kinders bystaan met die treurproses beskikbaar, warm en belangstellend moet wees (French 1986:277-278).

6.5.11 Toon van gevoelens

Dit is belangrik dat volwassenes wat kinders bystaan hul eie gevoelens met die kinders sal deel sodat die kinders sal beseef dat rou 'n normale proses is. Hulle moet egter daarteen waak om nie die kinders te oorweldig met hul eie hartseer nie (Brodkin 1991:18; Cohn 1987:77).

6.5.12 Waarskuwingstekens by kinders

Kinders toon soms abnormale reaksies wat daarop dui dat hulle professionele hulp nodig het. Die volgende tipes gedrag moet dien as waarskuwingstekens (Brodkin & Coleman 1995:29; Westmoreland 1996:158):

- uitgebreide tydperk van depressie en isolasie van vriende en familie
- herhaalde verklarings dat hulle by die dooie persoon wil wees of selfmoorddreigemente
- fisiese aanranding van ander
- lang tydperke van regressiewe gedrag
- onvermoë om te slaap, aptytverlies en voortdurende siekte
- wreedheid teenoor diere.

Bogenoemde gedragspatrone moet nie verwar word met tipiese normale reaksie wat kinders toon nie, soos klagtes oor kop- en maagseer, vrees vir donker, probleme om te slaap en traagheid om skool toe te gaan (Westmoreland 1996:158).

6.5.13 Terapeutiese aktiwiteite

Kinders kan aangemoedig word om te skryf oor die gevoelens wat hulle ervaar sodat hulle in staat gestel kan word om dit te verwerk. Terapeute kan ook die kinders aanmoedig om 'n prent oor die oorledene te teken of om 'n herinneringsalbum te skep. Dit kan troos verskaf omdat hulle beseft dat die oorledene in hul herinnerings voortleef (Brodkin & Coleman 1995:29; Westmoreland 1996:158).

6.5.14 Rol van biblioterapie

Families funksioneer vandag nie meer as eenhede nie. Die meeste kinders word gevolglik 'n eerstehandse kennismaking met die dood gespaar. Die enigste manier om hulle in staat te stel om die dood as 'n natuurlike gebeurtenis te ervaar en om empatie te bevorder vir dié wat met die dood te doen het, is deur boeke aan te beveel wat op 'n sensitiewe manier hieroor handel.

Die leeservaring sal die kinders voorberei om die dood van 'n geliefde te aanvaar wanneer hulle self eendag daarmee gekonfronteer word. Die blootstelling deur middel van lees behoort gevoelens van smart, ang, vrees en woede te verminder, en die kinders in staat stel om dit te hanteer. Boeke plaas immers 'n afstand tussen die leser en die gebeurtenis. Sodanige betrokkenheid kan veral die angstigheid oor die dood verminder en help om die dood met minder vrees te ontmoet te gaan.

Die leeservaring berei nie alleen kinders voor vir die dood van 'n geliefde nie, maar help ook kinders om te beseft dat die gevoelens wat hulle ervaar normaal is en dat hulle nie die enigstes is wat hulle in die situasie bevind nie. Dit kan ook baie waardevol wees om te sien hoe ander soortgelyke situasies hanteer.

Boeke kan kinders ook help om te beseef dat almal die een of ander tyd sterf en dat hulle voluit moet leef.

Boeke kan 'n brug bou tussen volwassenes en kinders wanneer daar oor die dood gepraat moet word. Dit kan die gesprekke inisieer en die kinders help om hul eie gevoelens te onderdruk en uit te druk. Boeke kan kinders bevry om hul gevoelens te ervaar (Cuddigan & Hanson 1988:19; Ivor-Pullin 1988:54; Payne 1986:377).

6.6 KEURING VAN BOEKE VIR BIBLIOTERAPIE IN DIE GEVAL VAN DOOD

Aangesien kinders se persoonlikhede, leesvoorkeure en omstandighede geweldig verskil, is dit nie altyd moontlik om met sekerheid te weet watter boeke effektief sal wees nie. Die riglyne vir hulp tydens die rouproses is bespreek in afdeling 6.5. Hierdie riglyne moet in gedagte gehou word by die keuring van verhale. Die volgende riglyne kan die keuse van verhale vergemaklik.

6.6.1 Bekendheid met boeke

Die verkeerde boek kan by kinders meer verwarring skep as wat dit hulle help om hulle verlies te verwerk. 'n Verhaal waarin die dood uitgebeeld word as 'n vorm van straf, kan kinders met 'n skuldgevoel laat. Verhale kan ook die indruk wek dat die rouproses vinnig verby is of dat kinders die hele tyd behoort te treur. Dit is dus baie belangrik dat die keurder die boek vooraf aandagtig sal lees (Essa *et al.* 1995:132).

6.6.2 Chronologiese ouderdom van kinders

Die boek moet geskik wees vir die chronologiese ouderdom van die kinders wat terapie ontvang. Die ouderdom van die hoofkarakter moer rofweg ooreenstem met dié van die kinders, want dit sal die kinders in staat stel om

met die hoofkarakter te identifiseer. Sodoende kan die boek 'n waardevolle bron van inligting word (oor die verwerking van verlies) wat tot die kinders spreek. Boeke beklemtoon byvoorbeeld die lang tydperk wat kinders treur.

Die hoofkarakter se ouderdom is ook belangrik omdat die perspektief van die hoofkarakter ooreenstem met sy ouderdom. Indien die karakter se ouderdom min of meer ooreenstem met dié van die lesers, sal hul ervaring van verlies ooreenkomste toon (Pardeck & Pardeck 1984b:108; Moore & Mae 1987:54).

6.6.3 Tema van die boek

Boeke wat gebruik word, moet oor dieselfde aspekte van die dood handel as dié wat die kinders ervaar. Indien die kinders byvoorbeeld hul pa verloor het, moet die verhaal ook handel oor die dood van 'n pa. Boeke oor die dood van die hoofkarakter se ma sal die kinders angstig maak dat hulle moontlik ook hul oorblywende ouer sal verloor (Essa *et al.* 1995:132; Pardeck & Pardeck 1984b:109).

6.6.4 Karakters

Karakters in die verhale moet ware karakters wees en nie bloot spreekbuise wat die boodskap oordra nie. Die verhale wat oor die dood handel moet dus fokus op die karakters se vrese, liefdes, tranes en begeertes. Dit sal die kinders help om betrokke te raak by die karakters en empatie met hulle te hê. Kinders sal dus ontvanklik wees vir die wyse waarop die karakters die dood hanteer – en hulle sal glo dat die karakters wel die emosies ervaar wat aan hulle toegeskryf word.

Die karakters wat verlies ervaar, moet goed beskryf word en hulle moet ontwikkeling toon. Die karakters moet ook nie kitsoplossings vind vir die probleme wat hulle ervaar nie.

Dit is ook belangrik dat die karakters se optrede in ooreenstemming is met die persoonlikhede wat die outeur vir hulle geskep het. Wanneer die karakters verlies ervaar, moet hulle daarop reageer en daaroor praat op 'n manier wat ooreenstem met hul persoonlikhede en die omgewing wat vir hulle geskep is (Payne 1986:380).

6.6.5 Beskrywing van gevoelens en reaksies

Dit is baie belangrik dat die gevoelens en reaksies wat die karakters ervaar goed en realisties omskryf moet word. Hierdie beskrywing moet korrek wees. Alhoewel die gevoelens en reaksies wat kinders ervaar nie klinkklaar is nie, is daar algemene reaksies en stadia van treur en die skrywers moet toon dat hulle kennis hiervan dra (Payne 1986:380).

Die outeur moet ook waak teen stereotipering by die uitbeelding van gevoelens, byvoorbeeld dat seuns nie mag huil nie en meisies baie huil. Dit kan die verwerking van verlies kortknip (Moore & Mae 1987:55).

6.6.6 Realisme

Pardeck en Pardeck (1984b:108-109) beklemtoon dat verhale wat oor die dood handel realisties moet wees. Dit moet nie die realiteit van die dood probeer wegsteek nie. Boeke wat kinders welmenend wil beskerm teen onaangenaamhede van die dood, kan lei tot onrealistiese beskrywings. Sulke boeke kan lei tot angstigheid eerder as tot 'n konfrontasie met dit wat gebeur het (Moore & Mae 1987:101).

6.6.7 Rituele rondom die dood

Dit is belangrik dat die beskrywings van die rituele, gebruike en geloof rondom die dood feitelik korrek is. By die selektering van die boeke moet dit deeglik in ag geneem word. Dit moet ooreenstem met die agtergrond van die leser (Essa *et al.* 1995:132; Pardeck & Pardeck 1984b:109).

6.7 EVALUERING VAN BOEKE VOLGENS KEURINGSKRITERIA

Die volgende vier boeke gaan nou bespreek word aan die hand van algemene en literêre keuringskriteria soos in afdeling 4.3 bespreek:

- *Padda en die voëlgesang* (Velthuijs 1993)
- *Ek verlang na ouma* (Egger 1988)
- *Letters from heaven* (Anderson 1996)
- *Daar is spore op die maan* (Baker 1991)

6.7.1 *Padda en die voëlgesang*

Die boek *Padda en die voëlgesang* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.1 Algemene keuringskriteria met betrekking tot leesstof

Outeur	Velthuijs, Max
Titel	<i>Padda en die voëlgesang</i>
Uitgewer	Garamond-uitgewers
Datum van uitgawe	1993
ISBN-nommer	09 47 449 914
Aantal bladsye	23
Reeks	
Formaat	Hardeband
Ouderdom van leser	± agt jaar
Geslag	Vroulik of Manlik
Leesvlak	Graad twee tot drie
Tema	Dood
Opsomming	Een herfsdag het Padda 'n lyster, na wie se voëlgesang hulle altyd geluister het, doodstil sien lê. Wyse Haas het verduidelik dat die lyster wat so pragtig gesing het, dood is en dat hulle 'n begrafnis moet hou. Daarna besef Padda skielik dat hy en sy vriende lewe en dat dit wonderlik is. Op pad huis toe hoor hulle 'n pikswart lyster wat soos altyd vir hulle sing.
Beperkings	Daar word van dierekaraktars gebruik gemaak.
Uitstaande kenmerke	Verduidelik op eenvoudige dog treffende wyse die begrip "dood" en dat daar 'n tyd is om te sterf. Verhaal probeer illustreer, soos in die geval van die lyster, dat mense voortleef deur dit wat hulle gedoen het.
Probleme waarvoor dit geskik is	Dood

Die boek *Padda en die voëlgesang* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.2 Litêre keuringskriteria vir leesstof

TEMA	
Geskiktheid van tema	Uiters geskik om die begrip "dood" aan kinders te verduidelik. Kan byvoorbeeld in klasverband gebruik word om aan kinders die begrip "dood" te verduidelik indien een van hulle iemand aan die dood moes afstaan.
Rol van tema	Verduidelik op 'n eenvoudige dog helder wyse die begrip "dood" aan diegene wat nog nie voorheen daarmee te doen gehad het nie.
Eksplisiet	Alhoewel die tema nie deur die leser ontdek word nie, maar eksplisiet gestel word, word die leser steeds bekoor deur die verhaal.
Didakties	Die verhaal probeer nie om 'n les oor te dra nie.
Oorheersend	Ten spyte daarvan dat die verhaal om die tema draai, skep dit nie die indruk dat dit die storie oorheers nie.
Meer as een tema	Kan ook gebruik word om die rol van vriendskap te beklemtoon.
Universeel	Alle lesers kan met die emosies van die karakters identifiseer vanweë wyse waarop emosies uitgebeeld word.
Positief	Uiters positief. Wys aan kinders hoe wonderlik dit is om te lewe en dat diegene wat dood is nie vergete is nie.
Realisme	Verhaal is opreg, eerlik en dra nie bloot inligting oor nie. Die verhaal beeld die werklikheid uit soos dit is.
KARAKTERS	
Ouderdom	Onbekend.
Geloofwaardigheid	Ware karakters, want hul voortreflikhede en tekortkominge word uitgebeeld. Veral die emosies wat hulle ervaar word deur middel van hul woorde en optrede, en puik illustrasies treffend oorgedra.
Hantering van probleem	Wyse Haas se optrede is veral waardevol. Bied troos met idee van begrafnis en wyse woorde: "Sy lewe lank het hy sy pragtige lied vir ons gesing. Hy verdien sy rus."
INTRIGE	Beeld verandering in Padda puik uit. Rou, smart wat hy ervaar en berusting in wete dat dit goed is om te lewe en dat die lyster gereed was om te gaan.
MILIEU	Natuur.
VERTELLER	Derdepersoonverteller. Gee al die diere se emosies weer.
PERSPEKTIEF	Vanuit veral Padda en Haas se perspektief.
STYL	Toeganklik. Woordeskat is gepas en illustrasies dra by om verhaal te vertel.
TOON	Pas by tema.
HUMOR	Die boek se illustrasies is vrolik.
EINDE	Hoopvolle einde wat natuurlik voortvloei uit gebeure. Die diere vind troos in die wonderlikheid van die lewe en die wete dat daar 'n tyd is om te gaan en dat hulle voortleef in herinneringe: Lyster se musiek.

6.7.2 *Ek verlang na ouma*

Die boek *Ek verlang na ouma* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.3 *Algemene keuringskriteria vir leesstof*

Outeur	Egger, Bettina
Titel	<i>Ek verlang na ouma</i>
Uitgewer	Garamond
Datum van uitgawe	1988
ISBN-nommer	0947449 04 3
Aantal bladsye	24
Reeks	-
Formaat	Hardeband
Ouderdom van leser	± agt tot nege jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad drie tot vier
Tema	Dood
Opsomming	Dit is die verhaal van Marina se verwerking van haar ouma se dood. Sy vertel nie alleen van haar ouma se begrafnis nie, maar dink ook aan al die lekker dinge wat sy en haar ouma saam gedoen het. Dit is dan ook in die mooi herinneringe wat sy troos vind nadat sy haar in haar hartseer met al haar vrae na haar ouers gewend het.
Beperkings	Seuns kan dit moeilik vind om met die hoofkarakter te identifiseer.
Uitstaande kenmerke	Uiters geskik vir diegene wat 'n ouma aan die dood afgestaan het. Die vrae wat Marina vra oor waar Ouma haar bevind en of sy nog kan voel, leen hul tot verdere bespreking.
Probleme waarvoor dit geskik is	Dood Bejaardes

Die boek *Ek verlang na ouma* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.4 *Litêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Verhaal is veral geskik om te verduidelik dat die oorledene nie meer kan sien of voel nie. Spreek ook kinders se vrees aan dat hul ouers kan sterf. Wys daarop dat volwassenes ook treur en dat alle vrae nie antwoorde het nie.
Rol van tema	Dit help met die verwerking van die dood van 'n ouma.
Eksplisiet	Die tema word baie duidelik gestel. Die verhaal handel bykans net oor die dood.
Didakties	Die verhaal probeer nie om 'n les oor te dra nie.
Oorheersend	Die tema oorheers die verhaal. Die leser kry dus nie die geleentheid om self die tema te ontdek nie.
Meer as een tema	Kan ook gebruik word om te gesels oor bejaardheid.
Universeel	Marina se herinnering aan Ouma spreek baie sterk tot die leser veral vanweë die puik illustrasies. Dit behoort vir alle lesers moontlik te wees om met Marina se emosies te identifiseer.
Positief	Baie positief. Marina besef dat sy steeds vir haar ouma lief kan wees al is sy nie meer daar nie. Vind troos in die mooi herinneringe aan haar ouma.
Realisme	Die verhaal is eerlik en opreg. Dit bied die werklikheid aan soos dit werklik is.
KARAKTERS	
Ouderdom	Onbekend – illustrasies beeld vir Marina uit as ongeveer agt jaar.
Geloofwaardigheid	Ware karakter, want die vrae wat Marina vra en haar herinneringe is dié van 'n agt-jarige.
Hantering van probleem	Sy verwerk haar verlies met behulp van haar herinneringe aan haar ouma, gesprekke met ouers en teken van 'n prent van Ouma.
INTRIGE	Veranderings in Marina word goed uitgebeeld – vanaf hartseer en ongeloof dat haar ouma weg is tot aanvaarding en troos in die wete dat sy altyd die mooi herinneringe sal hê.
MILIEU	Eietydse verhaal, want dit speel in die hede af.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	Die verhaal word vertel vanuit die perspektief van die agt-jarige Marina.
STYL	Toeganklik, want die woordeskat pas by die van agt-jariges.
TOON	Glad nie neerdrakkend nie. Puik illustrasies verleen warmte aan die verhaal.
HUMOR	Geen
EINDE	Vloei natuurlik voort uit gebeure. Nadat sy 'n prent van haar ouma geteken het, besef sy dat sy altyd die mooi herinneringe sal hê en haar ouma sal bly liefhê.

6.7.3 Letters from heaven

Die boek *Letters from heaven* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.5 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Anderson, Rachel
Titel	<i>Letters from heaven</i>
Uitgewer	Mammoth
Datum van uitgawe	1996
ISBN-nommer	0 7497 2776 4
Aantal bladsye	76
Reeks	Geen
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± nege tot ± tien jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad drie of vier
Tema	Dood
Opsomming	Na Katie Woodbridge se stiefouma se dood ontvang sy van haar ouma se prokureur, 'n brief wat sy agt jaar gelede geskryf het om vir Katie te vertel van die vreugde wat Katie en haar ma, sedert sy met haar seun getrou het, vir haar gebring het. Katie antwoord die brief omdat sy geweldig hartseer is oor haar ouma. Omdat sy glo dat haar ouma vir haar briewe stuur, hou sy aan om te skryf totdat sy haar verlies verwerk en die briewe 'n dagboek geword het.
Beperkings	Seuns kan dit moeilik vind om met die hoofkarakter te identifiseer.
Uitstaande kenmerke	Uiters geskik om hardop voor te lees. Die idee van die skryf van briewe behoort aanklank te vind by kinders en sodoende help om hulle verlies te verwerk. Die verhaal bied ook uitstekende geleentheid om te verduidelik dat oorledenes nie kan voel nie en ook nie kan terugkeer nie.
Probleme waarvoor dit geskik is	Dood Verhoudings met stiefpa's Bejaardes

Die boek *Ek verlang na ouma* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.6 *Litêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Verhaal is uitstekend om verskeie wanopvattinge van kinders oor die dood te verduidelik, byvoorbeeld Katie glo aanvanklik dat haar ouma kan terugkom as sy wil. Rituele rondom die begrafnis asook woede teenoor oorledene kan verduidelik word na aanleiding van dit wat Katie skryf.
Rol van tema	Verhaal help met verwerking van verlies na dood van 'n geliefde ouma.
Eksplisiet	Alhoewel die verhaal baie eksplisiet is, en die leser dus nie die geleentheid gebied word om die tema self te ontdek nie, word die leser steeds geboei.
Didakties	Die verhaal probeer nie om 'n les oor te dra of om te preek nie.
Oorheersend	Die tema oorheers die verhaal, want die verhaal handel net oor die verwerking van die dood van 'n geliefde.
Meer as een tema	Kan ook gebruik word om te gesels oor rol van stiefpa en stiefouma. Beeld ook probleme van bejaardes baie goed uit wat daartoe aanleiding kan gee dat hulle beter verstaan word.
Universeel	Verhaal spreek tot leser omdat uitbeelding van Katie se emosies baie puik is.
Positief	Ja – Katie verwerk haar ouma se dood en vind vreugde in haar familie en die lewe.
Realisme	Baie eerlik en opreg. Die verhaal bied die werklikheid aan soos dit werklik is.
KARAKTERS	
Ouderdom	Onbekend – stellig 10 jaar oud.
Geloofwaardigheid	Ware karakter. Siening oor dood is dié van 'n kind van ongeveer nege tot tien jaar.
Hantering van probleem	Die skryf van die briewe bied uitstekende terapie aan Katie.
INTRIGE	Veranderings in Katie word goed uitgebeeld – vanaf geloof dat haar ouma kan terugkom tot aanvaarding dat dit finaal verby is.
MILIEU	Eietydse verhaal. Die verhaal speel in die hede af.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller
PERSPEKTIEF	Dit word vertel vanuit Katie se perspektief. Haar emosies en gevoelens word puik uitgebeeld.
STYL	Uiters toeganklik, want die woordeskat stem ooreen met die van nege- en tienjariges.
TOON	Ten spyte van die onderwerp is die verhaal nie neerdrukkend nie. Dit is geskryf met baie warmte en begrip.
HUMOR	Baie – veral tant Priscilla se opmerkings en Katie se reaksie daarop.
EINDE	Vloei natuurlik voort uit die verhaal. Nadat Katie se ma die briewe ontdek, en Katie gekonfronteer word met die denkbeeldigheid van haar ouma se briewe, skryf sy 'n laaste een en omskep dit daarna in 'n dagboek. Sy skryf in die dagboek ('n kersgeskenk) met 'n pen- en inksel wat sy van haar ouma ontvang het.

6.7.4 Daar is spore op die maan

Die boek *Daar is spore op die maan* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.7 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Baker, Eleanor
Titel	<i>Daar is spore op die maan</i>
Uitgewer	HAUM-Literêr
Datum van uitgawe	1991
ISBN-nommer	0 7986 3142 2
Aantal bladsye	87
Reeks	Geen
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± 11 tot ± 14 jaar
Geslag	Manlik of vroulik
Leesvlak	Graad ses tot agt
Tema	Dood Stiefma
Opsomming	Dit is die verhaal van Tom wat sy ma se dood op agt jaar, verwerk met die hulp van sy geliefde ouma en sy vriende die Minnaars. Tydens 'n oorsese besoek ontmoet Tom se pa 'n wetenskaplike met wie hy later trou. Sy en Tom pas aanvanklik moeilik aan veral omdat sy haar seuntjie uit haar eerste huwelik aan die dood moes afstaan. Tom se ouderdom stem rofweg ooreen met dié van haar oorlede seuntjie. 'n Ongeluk en die dood van Tom se geliefde ouma bring uiteindelik vir Tom en sy stiefma bymekaar.
Beperkings	Behoort net toeganklik te wees vir bedrewe 11-jarige lesers.
Uitstaande kenmerke	Geskik vir sowel seuns as meisies. Die karakters is uiters geloofwaardig en modern en jong lesers behoort maklik met hulle te identifiseer. Verskaf insig in die gevoelens van seuns en meisies.
Probleme waarvoor dit geskik is	Dood Verhoudings met stiefma's

Die boek *Daar is spore op die maan* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 6.8 Literêre keuringskriteria vir leesstof

TEMA	
Geskiktheid van tema	Veral geskik vir diegene wat 'n ma of 'n geliefde ouma verloor het.
Rol van tema	Help met verwerking van verlies van geliefdes se dood asook die moeilike aanpassing by 'n stiefma.
Eksplisiet	Alhoewel die tema 'n belangrike rol speel, is dit nie eksplisiet nie.
Didakties	Die verhaal probeer nie om 'n les oor te dra nie.
Oorheersend	Die tema oorheers nie die verhaal nie.
Meer as een tema	Lê veral klem op aanpassings wat gemaak moet word na 'n tweede huwelik. Spreek ook die probleme van grootword aan.
Universeel	Die uitbeelding van die gevoelens van die drie vertellers spreek tot lesers en maak dit vir hul maklik om daarmee te identifiseer.
Positief	Tema word uiters positief aangebied sonder om weg te skram van die verlies van 'n geliefde en die gepaardgaande smart. Tom en Helen vind troos in die koms van Helen se nuwe baba wat hulle as te ware aan mekaar bind.
Realisme	Die verhaal is nie die agtergrond vir die oordra van die tema nie. Dit is baie eerlik en opreg. Dit beeld die werklikheid uit soos dit werklik is.
KARAKTERS	
Ouderdom	Daar is drie hoofkarakters: <ul style="list-style-type: none"> • Tom (16 jaar) • Emma (16 Jaar) • Dawid (13 jaar)
Geloofwaardigheid	Die drie is ware karakters wat optree in ooreenstemming met hul ouderdom.
Hantering van probleem	Tom verwerk sy verlies met behulp van sy ouma. Die briewe wat hy aan haar skryf, speel 'n belangrike rol. Hy verwerk die dood van sy ouma met behulp van Helen – openlike gesprek tussen hulle twee speel hier 'n belangrike rol.
INTRIGE	Verandering in Tom word baie realisties uitgebeeld. Die intrige is realisties, geloofwaardig en steun nie op toeval of sentiment nie. Gebeure volg logies opmekaar.
MILIEU	Eietydse verhaal.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller. Tom, Emma en Dawid vertel dit om die beurt.
PERSPEKTIEF	Die verhaal word vertel vanuit hulle perspektief.
STYL	Die verhaal behoort toeganklik te wees vir die bedrewe 11-jarige leser. Die terapeut sal aan minder bedrewe en trae lesers verduidelikings moet verskaf. Sekere woorde en begrippe sal verduidelik moet word.
TOON	Eerlik en uiters simpatiek.
HUMOR	Baie – veral Dawid se bydrae.
EINDE	Die einde vloei natuurlik voort uit die verhaal. Veral aangrypend is Tom se woorde: "Hoekom word almal weggevat? Kan die Here nie net vir my een los nie?" (Baker 1991:85). Die woorde is dan ook die keerpunt wat vir Tom en Helen uiteindelik bymekaar uitbring en aanleiding gee tot die hoopvolle einde.

6.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 6 is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die dood een van die lewenskrisisse is waaraan niemand kan ontsnap nie. Vanweë die veranderings wat in die samelewing na industrialisasie plaasgevind het, is die dood nie meer deel van die daaglikse lewens van kinders nie. Hul maak vir die eerste maal kennis met die dood wanneer 'n geliefde sterf.

Die reaksie van kinders op die dood is ten nouste verweef met die ontwikkelings stadium waarin hulle hul bevind en hul chronologiese ouderdom. Kinders se reaksie op die dood verskil ten spyte hiervan geweldig. Daar is verskillende stadia in die rouproses onderskei. Die stadia kom nie noodwendig in 'n bepaalde volgorde voor nie. Kinders is ook geneig om in en uit die stadia te beweeg.

Hulp aan kinders moet verskaf word volgens die stadium waarin hulle hul bevind. Dit is baie belangrik dat kinders hulp moet kry en toegelaat moet word om te treur.

Boeke kan 'n baie belangrike rol speel om hulp aan kinders te bied. Dit kan nie alleen help met die verwerking van verlies nie, maar kan kinders ook as te ware bekend stel aan die dood – 'n begrip wat vir kinders baie moeilik is om te verstaan.

By die keuse van boeke vir leesterapie in die geval van dood is dit belangrik dat keurders die boeke deeglik sal deurlees om te verseker dat die tema van die boek ooreenstem met die ervaring van die kinders.

Die evaluering van die boek *Padda en die voëlgesang* (Velthuijs 1993) toon dat daar ten spyte van die dood, baie is om voor dankbaar te wees en om die lewe die moeite werd te maak. Die verhaal is by uitstek geskik om die begrip "dood" aan kinders, wat vir die eerste maal daarmee te doen kry, te verduidelik.

Die evaluering van die boek *Ek verlang na ouma* (Egger 1988) maak dit nie alleen duidelik dat almal – insluitend volwassenes – verlies ervaar nie, maar ook dat mooi herinneringe troos bied en die geliefde oorledene sodoende altyd by geliefdes teenwoordig is.

Die evaluering van die boek *Letters from heaven* (Anderson 1996) bied 'n uitstekende geleentheid om aan kinders te verduidelik dat oorledenes nie kan terugkom of kan voel nie. Dit skep ook die geleentheid om te verduidelik dat mense nie die heelyd treur nie en dat lag steeds 'n deel van die daaglikse lewe en die rouproses kan wees. Weer eens word beklemtoon dat die geliefde altyd met ons is vanweë dit wat ons saam ervaar het. Die dood kan nie die liefde beëindig nie.

Die evaluering van die boek *Daar is spore op die maan* (Baker 1991) lê klem op die verskillende wyses waarop smart verwerk kan word. Die humor in die boek lê ook klem daarop dat die lewe aangaan en dat 'n mens nie die hele tyd treur nie. Helene se optrede teenoor Tom maak dit duidelik dat dit baie belangrik is om te rou en verlies te verwerk, want sonder die rouproses en die verwerking van verlies kan hartseer 'n sweer word wat ervarings negatief kan beïnvloed.

Hoofstuk 7 behandel normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir verwerping deur die groep. Die invloed van ontwikkeling van kinders op hul aanvaarding deur die groep en omgekeerd, sal bespreek word. Die wyse waarop hulp aan kinders verleen kan word, sal bespreek word met spesifieke verwysing na die biblioterapeutiese proses. Spesifieke riglyne vir die keuring van boeke in die geval van vrees vir verwerping deur die groep sal geformuleer word. Vier boeke wat handel oor die vrees vir verwerping deur die groep sal geëvalueer word aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos aangedui in afdeling 4.3.